Sondag, 18 Julie 2021

‘n Derde Winterpsalm:
Here, terwyl ons nog wag... het U in ons ‘n nuwe lied gegee!

“Ek het op die Here bly wag, Hy het na my toe afgebuig en my hulpgeroep gehoor...
Hy het ‘n nuwe lied in my mond gelê, ‘n lofsang vir ons God.”
(Psalm 40:2 en 4)

Die afgelope twee Sondae – in die hart van Winter 2021 en gebukkend onder die felheid van Covid-19 en ja, al ons ander onsekerhede – het ons twee “winterpsalms” gelees, Psalm 38 en 39. En ontdek dat Johannes Calvyn se beskrywing van die Psalms in 1557 as *“Anatomy of All the Parts of the Soul”* gepas was:

> *“... for there is not an emotion of which any one can be conscious that is not here represented as in a mirror. Or rather, the Holy Spirit has here drawn to the life all the griefs, sorrows, fears, doubts, hopes, cares, perplexities, in short, all the distracting emotions with which the minds of men are wont to be agitated.”*

Vind ons in hierdie twee winterpsalms woorde om ons eie leed mee uit te druk: In Psalm 38 die siektebeeld van ‘n mens se liggaam en gemoed (vs. 4-9), en die sosiale effek daarvan – isolasie en vereensaming (vs. 12) – en in Psalm 39 hoe dit nóg swaarder en donkerder word, en die wete van eie verganklikheid en dood insink (vs. 5-7). Drie ander bitterhede is by hierdie lydingsbeker ingemeng: die besef van eie skuld, verkeerde keuses en sonde (38:19); die smaad van teenstanders en spotters in jou uur van ondergang (38:13, 20; 39:9); en dan die diepste punt, oor waar God in hierdie tyd van lyding is... *“U pyle het my binnegedring, u hand het op my afgekom”* (38:2); *“Neem u teistering van my af weg, onder die krag van u hand vergaan ek”* (39:11). En waar Psalm 38 nog uitloop op ‘n laaste uitroep – *“Moet my nie verlaat nie, Here!”* (vs. 22), sak daar in Psalm 39 ‘n doodse stilte neer, ‘n desperate vraag wat tussen aarde en hemel bly hang – *“Wat verwag ek? My hoop is op U gevestig”* (vs. 8) – en dan die swye: *“Ek bly stil, kyk weg van my af, asseblief Here”* (vs. 10, 14). Aldus Calvyn: *“Er zijn in het hart van de gelovige twee stemmen: dié van God en die van Gods vijand, hoop en wanhoop...”*

En terwyl dié twee psalmdigters ‘n kille winterseisoen beleef, het God omgeblaai na Psalm 40, steeds ‘n winterspsalm, maar een waarin – terwyl *“Ek op die Here bly wag”* – Hý gehoor, afgebuk, my opgetel en *“‘n nuwe lied in my mond gelê”* (vs. 2, 4)! Ná twee Psalms van ontwrigting en disoriëntasie, een van heroriëntasie en nuwe rigting; in die woorde van Bono en *U2*: “I will sing, sing a new song!” ‘n Lied oor God se geregtigheid en verlossing; ‘n lied om daarbuite in ons land te gaan sing – kóm saam!

JL.

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis dr. Johan Cromhout. Die erediens is vooraf opgeneem en word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube-kanaal* na alle lidmate uitgestuur.

LITURGIE

Wydingsmoment: "Hoe lank gaan U, o Here, my vergeet?" (Psalm 13:1)

Aansteek van Wydingskers: Lize van Wyk

Votum en seëngroet

Aanbiddingslied: "Pleitend wil ek tot U nader" (Psalm 43:1, 3 en 2)

Epiklesegebed

Gebedslied: "Stuur nou u lig" (Lied 272)

Skriflesing: Psalm 40

Vir luister en nadenke: "40" (U2 & Bono: Hymn of Praise)

Oordenking

Verootmoediging: "Stuur nou u lig" (Lied 272)

Genadeverkondiging: Romeine 12:9-21

Toewyding: "Stuur nou u lig" (Lied 272)

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Slotlied: "Bring aan die volke die boodskap" (Lied 486:1, 3 en 4)

Seënbede

Orrelnaspel: "Lobe den Herren" (Lied 486, ca. 160, Johann Greyling)

Met dank aan ons digitale span wat hierdie opname/uitsending moontlik maak: dr. Johan Cromhout, Lize van Wyk (blomme), Ampie Human, Danie Joubert, RW Adendorff, Adri van den Berg en Rita van Zyl.

Ander Eredienste:

Sondag, 25 Julie	09:30 – Teol.std. Lunette Visser
Sondag, 1 Augustus	09:30 – Ds. Johan Marais; 18:00 – ds. Jan Lubbe (Taizé)

Ons eredienste is weens die huidige inperkingsmaatreëls (Vlak 4) slegs aanlyn beskikbaar en word per epos en via *You Tube*, *Facebook* en ons webblad na almal uitgestuur. Sou daar op die 25ste Julie 'n verligting aangekondig word, hoop ons om op Sondag, 1 Augustus met 'n erediens in die kerkgebou, 'n gesinsdiens in die saal, kategese en 'n Taizédiens die aand te hervat.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende weke verjaar:

18/7 Hettie Nel, Albie Rossouw, Rochelle Jacobs en Liam Rabie.
19/7 Lize van Wyk.
20/7 Charmaine Fourie, Sanet Grové, Stephan Diedericks, Liezl Klindt, Heike v/d Berg.
21/7 Magriet v Wyk, Gerhard Coetzer, Jeannine v/d Berg, Johan Streicher, Bees Grobler en Philip du Preez.
22/7 Barend Bezuidenhout, Martina J v Vuuren en Eben v Rooyen.
23/7 Estelle Marais, Ann Zietsman en Frans v Staden.
24/7 Jeanette Swanepoel, Debbie Breytenbach, Johan Loots en Ruan Foord.

Ons dink in hierdie dae van nood, in ons gebede aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Oom Charl Marais (Kiepersol Oord 12, wyk 16); Nico Wilson (Albrechtstr. 122, wyk 7a); Tannie Hannetjie van Schalkwyk (Siesta, wyk 10); Conna Lups (Deanelaan 15, wyk 20a); Oom Louwrens en Tannie Hettie Badenhorst (Sewedamme 113, wyk 8b); Marlian Schutte (Mockestr. 20, wyk 9b) en Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a). Ons bid ook vir almal wat siek is met of herstel van Covid-19; mag daar spoedig verligting kom.

Ons innige meelewing aan die kinders, kleinkinders en familiekring van Oom Gert Terblanche (vroeër van Kapt. Goodmanstr. 5), wat verlede Sondagmiddag in Kleinmond oorlede is; hy was ons oudste lidmaat en sou in Oktober 99 word. Sy gedenkdiens word voorlopig vir Vrydag, 30 Julie, hier in ons gemeente beplan. Dan gaan ons meelewing ook aan die Sentraal-skolegemeenskap en ouers van Janco Moolman (Gr. 10), wat verlede naweek verongeluk het. Mag jul die nabyheid van die Trooster beleef.

In ons gebede is ons land en al haar mense wat die afgelope week sóveel skade en skrik beleef het; o.a. ook Joubert en Cheryl Zietsman en Faan en Benita Hancke wie se plase suidwes van Bloemfontein onder die vreeslike veldbrande deurgeloop het. Ons bid vir uitkoms, herstel en vrede vir almal. Om ons boodskap van hoop uit te dra, maar onsself ook te herinner aan die behoefte om gebed en noodleniging, gaan Berg-en-Dal se kerkklok in die komende week elke dag om 12:00 lui – laat ons daarop ag gee...

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

'n Mannegebedsgroep tree in vir ons gemeente, land en mense – die groep hervat weer wanneer ds. Johan terug is van verlof (22 Julie).
'n Gemeentegebedsgroep bid gereeld saam oor aktuele sake vir ons land – kontak Elise Ferreira (082 846 2574) om meer inligting te ontvang.
Die Woensdagaand- en Donderdagoggend Bybelstudiegroepe hervat ná die skool-vakansie in die eerste week van Augustus.

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:

Wyke 1-10	– ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20	– ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir ondersteuning of gesprek is, kontak ons gerus.

Verlof: Ds. Johan Marais keer op Woensdag, 21 Julie, van sy verloftydperk af terug; ds. Jan Lubbe neem dan verlof tot volgende Sondag, 25 Julie 2021.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee: In Julie sorg **Wyke 5** (Westelike laer hang teen Grant's Hill) en **6** (Blok rondom Willem Postma Laerskool) vir ons bediening van gas-vryheid, sorg en omgee – indien jy wil help, skakel Rita (083 656 1680) of die kantoor.

Kantoorure: Tot 1 Augustus 2021 is die kerkkantoor slegs op Maandae van 09:00-12:00 (Rita van Zyl) en Vrydae van 09:00-12:00 (Adri van den Berg) geopen. Personeel is wel deurgaans per foon of epos bereikbaar. Ons verhuringsaktiwiteite skaal ook af.

POPI-Wet oor die beskerming van persoonlike inligting:
Ons is tans besig om 'n gemeentebeleid en -prosedures vir die beskerming van alle persoonlike inligting van lidmate waaroor ons by die kerkkantoor beskik, uit te werk en te implimenteer. Met die ingang van die 3e kwartaal sal ons u versoek om die nodige toestemmingsbrief vir die bewaring van u persoonlike inligting te voltooi.

BEDIENINGE

GETUIENISBEDIENING
Noodleniging in Natal en Naby:
In die lig van groot skade wat die afgelope week deur onrus in Natal en veldbrande in die Vrystaat aangerig is, gaan ons gemeente weer 'n hand van hulp en ondersteuning uitreik. Wat Natal betref, werk ons saam met ds. Francois Maritz van die NGK Pietermaritzburg (Francois was ons jeugwerker in 2013/14); en ten opsigte van die brandskade suidwes van die stad skakel ons met die NGK VS se Rampfonds. Indien u tot hierdie Noodfonds wil bydra, kan 'n inbetaling na ons gemeenterekening soos hieronder aangedui, gemaak word. **Komberse, beddegoed** en **nie-bederfbare kruideniersware** kan na die kerkkantoor gebring word. Ons **"Bottels vol Hoop"**-projek ('n gesonde sopmengsel in 'n koffiebottel) gaan steeds voort. Alle bydraes word waardeer. Sien ook die verklaring van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke oor die geweld en verwoesting in ons land, en die oproep van die NGK VS tot gebed en meelewing by https://www.facebook.com/ngkerkbergendal. Ons kerkklok lui hierdie komende week elkde dag om 12:00 as herinnering en oproep tot gebed en meelewing.

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES

Erediens- en deurkollektes, saam met u dankoffer, hou ons eredienste en bedieninge in stand, help met noodleniging en betaal ons ook elke Sondag 'n bedrag van R 500 oor aan die instansie soos op die program vir deurkollektes vermeld (18 Julie: Vennootskappe: Lesotho).

Jy kan 'n kollekte of dankoffer na Berg-en-Dal oorbetaal, via die internet (eft) na **ABSA Tjekrek. 470-580-011** of per snapscan –
Baie dankie vir jou bydrae en gebed, en leef met ons visie:
Op berge en in dale, oral voor Gods aangesig...

Ons wil almal wat alreeds mag (gesondheids- en veiligheidspersoneel, onderwysers, 60+ers, 50+ers, 35+ers) aanmoedig om die inenting teen Covid-19 te gaan neem, ter wille van jou eie beskerming én die van geliefdes.